# BSocSciHons Sielkunde (01243019)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |

## Toelatingsvereistes

- ’n Relevante baccalaureusgraad erken deur die Senaat van die Universiteit van Pretoria met minstens 6 semestermodules in Sielkunde waarvan ten minste 2 semestermodules op jaarvlak 3 moet wees.
- ’n Minimum gemiddelde van 70% word vereis vir die Sielkunde-modules.
- Navorsingsmodules (RES 210, 320 of gelykwaardig) moet in die voorgraadse graad ingesluit wees.
- Addisionele navorsingsmodules mag vereis word indien die departementshoof dit nodig ag.

## Addisionele vereistes

Addisionele werk/modules mag van voornemende studente vereis word, sou dit nodig geag word.

## Ander programspesifieke inligting

Let asb daarop: Slegs sekere modules word jaarliks aangebied. Raadpleeg asseblief die programbestuurder in hierdie verband.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 135**

## Kernmodules

### Teorieë en paradigmas 751 (SLK 751)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde)

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

In hierdie module word vyf oorheersende paradigmas in die sielkunde – (neo) behaviorisme, (neuro) kognitief, psigo-analities, humanisties en ekosistemies – en tipiese teorie wat hieruit voortvloei, bespreek. Die filosofie onderliggend aan hierdie paradigmas en hul teorieë word ontleed, met spesifieke verwysing na modernisme en postmodernisme. Klem word geplaas op die praktiese toepassing van kwantitatiewe en kwalitatiewe teorievorming in die lig van die vyf dominante paradigmas.

### Navorsingsverslag 761 (SLK 761)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde). Vereis departementele keuring.

Die navorsingsverslag  vir BSocSciHons Sielkunde behels geïntegreerde assessering van alle leerareas wat in hierdie program aangebied word. Studente moet ‘n navorsingsverslag skryf oor goedgekeurde onderwerp in die spesifieke konteks wat as keusekomponente geselekteer is en wat aan al die vereistes wat deur die programbestuurder gestel word, voldoen.

### Navorsingsmetodologie 764 (SLK 764)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |

| | |
|---|---|
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

The focus is on knowledge and skills necessary to understand the empirical research process as applied in psychology. The following aspects are included: theoretical and epistemological assumptions in psychological research, problem and hypothesis formulation, basics of measurement, control in research, threats to validity, and research designs. The module also incorporates statistical methods applicable in research as well as skills necessary to analyse qualitative data all of which is aimed at providing students with greater skills within the realm of research.

## Keusemodules

### Sosiale sielkunde 752 (SLK 752)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Hierdie module handel oor geselekteerde temas uit die sosiale sielkunde, soos sosiale kognisie, houdings en houdingsverandering, oorredingskommunikasie en sosiale beïnvloeding, menslike aggressie, intergroepverhoudings en intergroepkonflik, sosiale identiteitsteorie en die rol van kultuur in menslike gedrag. Hierdie temas word toegepas op praktiese probleme in die kontemporêre Suid-Afrikaanse konteks.

### Gemeenskapsielkunde 753 (SLK 753)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week, 1 praktiese sessie per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).
*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Die fokus van hierdie module is op die aard van die gemeenskapsielkunde, teoretiese benaderings, gemeenskapsinstellings, konsultasie, intervensie en effektiewe programontwikkeling en -bestuur. Die beplanning, koördinering en fasilitering van werkswinkels word ook aangebied. Die module bestaan uit twee komponente:  ‘n teoretiese gedeelte wat as ‘n verwysingsraamwerk dien en kan help in die ontwikkeling van denke oor gemeenskapsprosesse en praktiese ervaring om sodoende gemeenskapskwessies aan te spreek. Die fokus hier is op behoeftebepaling, ontwerp, implementering en evaluering van intervensies, basiese berading en groepfasiliteringsvaardighede. Die praktiese komponent is gebaseer op gemeenskapsintervensies.

## Sielkundige assessering (2) 755 (SLK 755)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde). Vereis departementele keuring.

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Hierdie is ‘n teoretiese module wat handel oor die proses verbonde aan psigometriese evaluering van menslike gedrag binne verskeie kontekste. Dit sluit nie professionele opleiding in om ‘n psigometris te word nie. Die module handel oor onderwerpe soos die multidimensionele aard, oogmerk, en eienskappe van assessering; kritiese kwessies in sielkundige evaluering binne die Suid-Afrikaanse konteks; die redes vir wetlike beheer en etiek van sielkundige evaluering; die geskikte gebruik van verskeie tipes psigometriese en assesseringsmetodes en instrumente; asook die proses van integrasie van evalueringsresultate en verslagskrywing.

## Psigopatologie 756 (SLK 756)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | SLK 751 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde). Vereis departementele keuring.

Die module handel oor abnormale gedrag en simptomatologie wat met verskillende patologie verband hou, insluitend intrapsigiese, interpersoonlike en sosiokulturele disfunksies. Die DSM IV-klassifikasiestelsel sowel as multidimensionele perspektief word krities bespreek ten opsigte van spesifieke siektetoestande.

## Neurosielkunde 760 (SLK 760)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde). Vereis departementele keuring.

In hierdie module word die verband tussen gedrag en die funksionering van die brein ondersoek met die doel om begrip te vorm van die aard van komplekse sielkundige prosesse. Die vernaamste aspekte van serebrale disfunksie in neurologiese versteurings, traumatiese breinskade en uitvoerende funksies word bespreek. Verskillende neurosielkundige assesseringstegnieke word ook behandel.

## Kognitiewe sielkunde 762 (SLK 762)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).

Hierdie module behels intermediêre, goed-gevormde en sistematiese kennis en begrip van kognitiewe prosesse ten einde bewese oplossings vir kernvraagstukke in die kognitiewe sielkunde aan te bied. Die module sluit onder andere die evaluering van resente akademiese debatte en diskoerse in kognitiewe sielkunde, analise van kontemporêre kontekste en ‘n kritiese evaluering van kernvraagstukke wat met kognitiewe sielkunde verband hou, in.

## Persoonlikheidsielkunde 765 (SLK 765)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).

In this module a wide range of personality theories as well as a study of on human functioning in the South African context is studied. The aim of the module is to teach conception of the implications of various personality theories for human functioning. The applications are relevant in therapeutic and counselling contexts, as well as for our understanding of human functioning in everyday life. Themes pertaining to relevant current societal issues form the focus of the practical application of the module.

## Terapeutiese sielkunde 766 (SLK 766)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

*Closed – BSocSciHons in Psychology only.
This module introduces students to various postmodern approaches and ethical issues. In addition, upon completion of the module, students should have acquired an in-depth knowledge of a specific therapeutic approach of their choice and demonstrate these approaches can be used to intervene at the, individual, family and community level.

## Ontwikkelingsielkunde 767 (SLK 767)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote - slegs vir BSocSciHons (Sielkunde).
*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.
The module deals with the study of human development over the entire life span. Developmental Psychology supplies important background information for students who would like to become clinical or counselling psychologists. Knowledge gained by studying developmental psychology is also most valuable for parents, teachers, social workers as well as people in the health professions and in the business world or industry.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.